

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 4: Vayera (ויראה) – En Hy Verskyn!

יהוה het Homself aan hom openbaar by die Eikebome van Mamre, terwyl hy by die ingang van die tent sit op die warmste van die dag. Gen. 18:1 – PWL Vertaling¹

Torah : Gen. 18:1 tot 22:24

- ❖ **Inleiding**
- ❖ **Gen. 18:12** – Raad vir die huwelik
- ❖ **Gen. 20:11** – Geen respekvolle vrees vir YHVH!
- ❖ **Gen. 22:2** – Abraham se groot toets

Haftorah: 2 Kon. 4:1 tot 37 – Die olie van die weduwee en onwankelbare geloof!

B'rit Chadashah: Luk. 17:26 tot 37; Jak. 2:14 tot 24; 2 Pet. 2:4 tot 10

Die Afgesonderde Skrif is die enigste boek wat jy lees waar die outeur self teenwoordig is!!

A huge error of Torah obedience is when we exalt our sacrifices of obedience over love and compassion – Unknown.

Midrash (Torah Bespreking) Inleiding

Die sentrale tema in beide die Parashah en die Haftorah van hierdie week handel oor geloof, gehoorsaamheid en die bereidwilligheid om te dien en nie om gedien te word nie. Ons Vader Abraham is ons voorbeeld van 'n geloofsluwe van onwankelbare vertroue in Vader-God se beloftes te midde van teleurstellings en beproewinge. Hy is ons voorbeeld van gehoorsaamheid aan YHVH se

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

onderrig en instruksies en bereidwilligheid om welwillendheid aan ander te bewys (Gen. 18:1 tot 8). Abraham is ook ons voorbeeld van die rol van die man in 'n huwelik.

Hierdie week sien ons weereens die bevestiging van YHVH se patroon, naamlik geloof (vertroue en getrouheid) tot geregtigheid (opregtheid en onskuld) deur die genade van YHVH in Yeshua, gevolg deur gehoorsaamheid aan Vader-God se onderrig en instruksies (Sy Torah). Beide geloof en gehoorsaamheid is by wyse van ewige bloedverbonde. YHVH se genade vorm die kern van hierdie verbonde en deur ons goeie werke kan ons dit nooit verdien nie. Hierdie verbonde is onafskeidbaar deel van beide die ou en die hernieude verbond. Daarom skryf Paulus in sy brief aan Titus die volgende:

maar toe Sy sagtheid en die liefdevolle goedheid van God, ons Lewegewer, openbaar is, het Hy ons Lewe gegee; nie op grond van die dade van onpartydigheid en opregtheid, wat ons gedoen het nie, maar deur Sy eie liefde, deur die wassing van die geboorte wat van bo af is en deur die vernuwning van die Gees van Afsondering; die Een wat Hy oorvloediglik oor ons uitgestort het, deur Yeshua, Die Gesalfde Een, ons Lewegewer sodat ons deur Sy onverdiende guns onskuldig verklaar kan word en erfgename kan word deur die versekerde verwagting van die ewige lewe. Titus 3:4 tot 7 – PWL Vertaling.

Die kroon van YHVH se skepping is die mens wat die hart van YHVH se Koninkryk is. Daarom word die welsyn van YHVH se Koninkryk op aarde gemeet aan die verhouding van die mens met YHVH en met medemens. YHVH as Skepper-God is intens betrokke by die lewe van die kroon van Sy Skepping. Met die oog hierop kan ons dan wel vra: Wat is die waarde van die lewe van 'n mens? In sy kommentaar van *Parashah Vayera* verduidelik Rabbi Kalman Packouz *The Value of Life* ondermeer soos volg (www.aish.com):

Would you murder one person to save a million lives? What if that person were a 99 year old person who had already lived out the prime years of his life? Weighing one against the other, it might seem to make sense. Yet, intuitively we know that it is not right. Why?

What is the value of a life? How do we measure the value of one life versus another?

How do you know your blood is redder? Maybe his blood is redder? Who knows that your blood is more precious and more dear to your Creator than the blood of someone else? How can one weigh the value of one life against the value of another? How can one know which person is more precious? Each individual is an entire world.

This makes sense when dealing with one life versus another. However, how does it explain saving one life at the expense of a million? Can't we say with confidence that in God's eyes millions of lives are more precious than one?

At the heart of this issue is how one measures the value of life. Every person is born with a unique personality and set of circumstances and a certain amount of potential for growth. Where we begin is beyond our control. However, we are responsible for where we end up and the choices we make along the way.

A person's real worth is the result of the choices he makes in his effort to grow. To determine the value of his life we must take every factor and detail of his existence into account. The complexities involved in making such a judgment are staggering -- which is exactly why no human being is in the position to judge the worth of another. No one knows the challenges of another person or his potential or what the Almighty expects from him. We can never measure someone's true value. That is God's business alone. And it is never a good idea to play God.

We can judge another person's actions, but not his worth. These two judgments are separate, the former belonging to man and the latter belonging only to God. Therefore, whether it is a million lives or millions of lives versus one 99 year old person, maybe that one life is more precious and dear to the Almighty. How can we know? The issue has nothing to do with numbers. The judgment is not ours to make, no matter how many lives are involved.

If a person destroys a life, it is as if he destroyed an entire world. If a person saves a life, it is as if he saved an entire world. Each and every life has value, tremendous value!

YHVH eerbiedig die wil van die mens. Daarom kon die mens van die begin af kies tussen die Boom van Lewe en die boom van kennis van goed en kwaad. YHVH skenk lewe en die mens kies hoe hy wil lewe. Elkeen moet kies hoe sy verhouding met sy Skepper-God gaan wees en kies hoe sy verhouding met sy medemens gaan wees.

God asks no one whether he will accept life. This is not the choice. The only choice you have as you go through life is how you live it. – Bernard Meltzer

Bepeins of Bespreek

1. Is kwaadspraak (skinder; Hebreeus: *lashon hara*) nie ook 'n wyse wat ons iemand se lewe (wêreld) vernietig (iemand "vermoor") nie? In die oë van die aanhoorder van kwaadspraak is die een wat kwaadsprek as te ware besig om die persoon van wie kwaad gesprek word te "vermoor" en daardie persoon se wêreld te vernietig. Is ons nie almal skuldig aan moord met ons tong nie, en selfs met ons gedagtes? Kwaadspraak sal in toekomstige Torah Skriflesings verder bespreek word, want dit is 'n baie ernstige saak in die oë van YHVH.
2. Kan ons eerlik sê dat ons elke mens as YHVH se Skepsel beskou en as sulks respekteer? *Each individual is an entire world. Each and every life has value, tremendous value!*

Treat others as you would have them treat you ... if they had better sense! – Earl Pertnoy

Gen. 18:12 – Raad vir die huwelik

Daarom het Sarah in haar binneste gelag en gedink: 'Sal ek plesier hê nadat ek oud geword het en my meester ook oud is?' Gen. 18:12 – PWL Vertaling

Hoewel Sarah in haar binneste gelag het by die aanhoor van die woorde: *dan sal jou vrou Sarah 'n seun hê*, het YHVH geweet wat sy dink. Maar in vers 13 lees ons egter dat YHVH vir Abraham vra: *Waarom het Sarah daar gelag en gesê: 'Sal ek werklik geboorte gee, ek wat oud geword het?'* Waarom het YHVH die woorde van Sarah: *en my meester ook oud is* weggelaat? Wat is die les wat ons hieruit kan leer?

Dit leer ons om te alle tye die vrede in die huweliksverhouding te bewaar. 'n Man en vrou moet nooit spottend of neerhalend van sy / haar huweliksmaat praat nie of enige negatiewe dinge oor die huweliksmaat teenoor mekaar of teenoor 'n ander kwytraak nie. Die rede is dat dit wrywing in die verhouding kan veroorsaak en ook dat eerbied en respek vir mekaar afgetakel word, asook dat die selfbeeld van 'n lewensmaat skade kan ly.

Petrus het Abraham en Sarah se huwelik as voorbeeld gebruik toe hy in sy brief geskryf het:

want net só het ook die afgesonderde vroue, wat 'n versekerde verwagting in God gehad het, vroeër hulleself versier en hulle was gehoorsaam aan hulle eie mans, soos wat Sarah gehoorsaam was aan Abraham en hom 'my meester' genoem het, wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen bedreiging vrees nie. Julle, manne, moet op dié manier met hulle saamleef: met kennis en hulle as swakkeres met eer behandel, omdat julle ook mede-erfgename van die geskenk van ewige lewe is

sodat julle nie in julle gebede mag struikel nie. Die slotsom is dat almal van julle in harmonie met mekaar moet wees; ly saam met die wat ly, wees lief vir mekaar en wees vol liefdevolle omgee en nederigheid. 1 Pet. 3:5 tot 8 – PWL Vertaling.

‘n Vrou behoort vrywillig in haar lewensmaat berusting te vind en aan hom onderdanig te wees **en nie uit vrees nie!!** Om onderdanig te wees het ook die betekenis om jouself *te rangskik* – sy rangskik haarself onder die man as ‘versiering’. Derhalwe: ‘n Afgesonderde (heilige) vrou wat ‘n verwagting in Vader-God het, is onderdanig aan haar man uit liefde en respek en nie uit vrees vir hom nie. Die man het geen reg om onderdanigheid van sy vrou deur vrees of manupilasie af te dwing nie.

‘n Man wat sy Skriftuurlike rol as eggenoot vervul, sal sy lewensmaat (sy hulp) met eer en begrip behandel in die besef dat, hoewel sy die swakkere is, beide mede-erfgename (gelyke vennote) van die geskenk van die ewige lewe is, en sy hulp op so ‘n wyse behandel dat sy gebede verhoor sal word.

Sarah verwys na Abraham as haar meester (heer; *adon*), maar tog het YHVH vir Abraham ten opsigte van Hagar en Ismael gesê: *Luister na Sarah in alles wat sy van jou verlang, want deur Isak sal daar vir jou ‘n nageslag genoem word* (Gen. 21:12). Hoewel Abraham die meester oor Sarah was, was hy as dienskneg van YHVH diensbaar aan Sarah! Hierdie huweliksverhouding illustreer YHVH se Koninkryksbeginsel van hoofskap (leierskap). Daarom het Yeshua gesê:

maar so moet dit onder julle nie wees nie, maar die wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees en die wat onder julle die eerste wil word, moet almal se slaaf wees, want selfs die Seun van die mens het ook nie gekom om bedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as ‘n losprys vir baie.’ Mark. 10:43 en 44.

Hoofskap (leierskap) volgens Koninkryksbeginsels is nie outoritêr en diktatoriaal nie!! Die Skriftuurlike model van ‘n gesonde huwelik is ‘n gelyke vennootskap tussen man en vrou en waar die man die hoofskap aanvaar het om diensbaar te wees aan YHVH Yeshua en aan sy bruid.

Mans julle moet julle eie vroue liefhê, net soos Die Gesalfde Een ook die gemeente liefgehad en Homself om haar ontwil oorgegee het, om dit af te sonder en te reinig in die wassing met water (Mikveh) en in die Woord en Hy sal die gemeente vir Hom bevestig, wanneer dit vol lof en eer, sonder vlek of kreukel of enige iets soortgelyks is, maar dit moet afgesonderd en sonder fout wees. Op dié manier moet mans hulle eie vroue liefhê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief, want niemand het ooit sy eie liggaam gehaat nie, maar hy voed en sorg vir sy eie, net soos die Meester vir die gemeente. Efes. 5:25 tot 29 – PWL Vertaling

YHVH stel die man aan om namens Hom die verantwoordelikheid vir die vrou se versorging en toekoms te aanvaar. Die vrou plaas haar versorging, geluk en toekoms in die hande van die man met die verwagting dat Vader-God deur haar man in haar behoeftes sal voorsien. Daarom sal elke eggenoot voor Vader-God verantwoording moet doen vir die wyse wat hy in sy vrou se geestelike-, siels- en liggaamlike behoeftes voorsien het. Die man se voorbeeld wat hy moet navolg is Yeshua die Bruidegom. Die man moet aan sy vrou die voorbeeld stel van onderdanigheid aan YHVH, sodat sy dit kan navolg en met vertroue vrywillig aan haar man onderdanig kan wees.

Die vrou sal verantwoording moet doen vir die hulpverleningsrol wat sy in haar man se lewe vervul het. Die vrou se voorbeeld wat sy moet navolg is die van die bruid wat aan die Bruidegom, Yeshua, getrou en onderdanig is. Sy moet vir haar man die sigbare voorbeeld wees van onderdanigheid aan die Bruidegom!

Hulpbronne vir studie oor die huwelik:

1. Die boek van Dr Skip Moen, *Guardian Angel: What You Must Know about God’s Design for Women*, word sterk aanbeveel en is verkrygbaar as hardekopie of as ‘n e-boek by: <http://skipmoen.com/products/guardian-angel/>

2. 'n Studie (kursus) oor die huweliksverbond is op aanvraag gratis beskikbaar deur ons te kontak by kontak@nuwelielied.info

Bepeins of Bespreek

1. Die woord *heer / meester* in Hebreeus is *adon* en wanneer dit na die eggenoot / vader verwys beteken dit dat die man die *uitvoerende hoof* (die *CEO*) van die huishouding is. As *uitvoerende hoof* sal hy uiters dom wees om nie sy mede-vennoot te raadpleeg en te aanvaar dat sy op sekere gebiede meer kundig as hy is nie. Maar as hoof van die huis moet hy egter uiteindelik die finale besluit neem en dan bereid wees om die verantwoordelikheid te aanvaar en ook bereid wees om te erken indien later gevind word dat sy besluit verkeerd was.
2. YHVH het nie die man as hoof van sy huishouding aangestel omrede hy dit verdien nie. Nee, hy is aangestel omrede dit YHVH se orde (gesagstruktuur) is. Beide die man en die vrou moet dit so aanvaar en verstaan wat is die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan.
3. In die lig van die stelling dat *'n Man en vrou nooit spottend of neerhalend van sy / haar huweliksmaat moet praat nie of enige negatiewe dinge oor die huweliksmaat teenoor 'n ander moet kwytraak nie*, is die vraag: Wat dan in die geval van huweliksberading? Suksesvolle huweliksberading, sonder dat die berader beide huweliksmaats se kant van die saak gehoor het, loop gevaar om 'onregverdig' teenoor een huweliksmaat te wees. Daarom: In huweliksberading moet beide partye se saak verkieslik aangehoor word. Is dit altyd die geval? Wat kan gedoen word waar 'n huweliksmaat weier om vir berading te gaan?
4. In die huwelik, en ten opsigte van ware liefde, moet die volgende altyd as maatstaf gebruik word:

Liefde het niks te doen met wat jy verwag om terug te ontvang nie. Liefde het slegs te doen met wat jy bereid is om te gee en ware liefde is bereid om alles te gee. Wat jy terug ontvang sal wissel, maar dit het geen verbintenis met wat jy bereid is om te gee of hoeveel jy gee nie. Jy gee alles en verwag niks omrede jy waarlik liefhet!!

Gen. 20:11 – Geen respekvolle vrees vir YHVH!

Avraham antwoord: "Omdat ek gedink het dat daar geen respekvolle vrees vir God in hierdie plek is nie sodat hulle my oor my vrou sal doodmaak.

Met Abraham se aankoms in Gerar het hy uit vrees dat hy doodgemaak sou word, gesê dat Sarah sy suster is. Op grond hiervan wou koning Abimeleg met Sarah trou. YHVH het egter deur 'n droom aan Abimeleg bekend gemaak dat Sarah met Abraham getroud is en dat hy sou sterf sou hy met haar trou. Derhalwe het Abimeleg vir Abraham gekonfronteer en waarop Abraham geantwoord het: *Omdat ek gedink het dat daar geen respekvolle vrees vir God in hierdie plek is nie...*

Individue, organisasies en volke kan op die oog af die indruk laat dat hulle oor goeie hoedanighede beskik en gevolglik betroubaar is. Maar, indien hulle moraliteit gefundeer is op hulle eie waardes en maatstawwe, kan ons nooit verseker wees dat dit voldoende is om hulle drang na boosheid te onderdruk nie! Nee, want daar is slegs een bedwanging (remming) waarop ons kan vertrou om te verhoed dat 'n persoon 'n misdaad sal pleeg en dit is 'n respekvolle vrees vir YHVH die Almagtige!! Wanneer 'n persoon 'n drang het om iets verkeerd te doen (te sondig), sal 'n respekvolle vrees vir YHVH so 'n persoon daarvan weerhou.

Abraham het dus vir Abimeleg gesê dat hoewel hy oënskynlik goeie waardes het, het hy nie respekvolle vrees vir YHVH nie, en daarom het Abraham gevrees vir sy lewe. In die dae van Abraham was dit taboe onder die heidenvolke (Filistyne) vir 'n man om 'n vrou te neem wat getroud

is, maar dit was nie verkeerd om haar man te vermoor sodat die vrou vry is om weer te trou nie. Dit is 'n voorbeeld van morele waardes volgens menslike standaarde.

Ons leef in 'n samelewing waar die respekvolle vrees vir YHVVH verdwyn het – selfs binne die kerk! Die waardesisteen in ons samelewing is hoofsaaklik volgens waardes en volgens maatstawwe wat deur mense vasgestel is en nie op Torahbeginsels geskoei nie. Die mens, en gelowiges, het vergeet dat die respekvolle vrees van YHVVH reinheid, wysheid en verstand is. Dit is sotte wat die respekvolle vrees van YHVVH verag.

Job 28:28 – Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van YHVVH is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand.

Ps. 19:10 – Die vrees van YHVVH is rein: dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van YHVVH is waarheid – tesame is hulle regverdig.

Ps. 34:12 – Kom, kinders, luister na my; ek wil julle die vrees van YHVVH leer.

Ps. 111:10 – Die vrees van YHVVH is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand. Sy lof bestaan tot in ewigheid.

Spr. 1:7 – Die vrees van YHVVH is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.

Spr. 8:13 – Die vrees van YHVVH is om te haat wat sleg is; hoogmoed en trotsheid en 'n slegte wandel en 'n huigelagtige mond haat ek.

Spr. 9:10 – Die beginsel van die wysheid is die vrees van YHVVH, en kennis van die Heilige is verstand.

Bepeins of Bespreek

1. Die hedendaagse samelewing het teruggekeer tot soos wat dit was in die dae van Sodom en Gomorra. Die siklus is bykans weer voltooi. Die einde sal deur die begin bekend gemaak word (Jes. 46:9 en 10). Wat verwag Vader-God van ons in hierdie dae? Wat het die engele vir Lot en sy gesin gesê om te doen (Gen. 19:12 en 13)?
2. Waarom het die respekvolle vrees vir YHVVH verdwyn? Is dit nie vanweë die leerstelling van vry van die wet (Torah) nie? Is Torah (die wet) dan nie juis die riglyn van YHVVH se standaard en maatstaf nie? Wie moet die mensdom, en veral die gelowiges in Yeshua, die respekvolle vrees van YHVVH leer? Word respekvolle vrees nie juis deur Torah-gehoorsaamheid bevestig nie? Verwys Lev. 10:10 en 11; Lev. 11:43 tot 47; Deut. 4:9 en 10 en Eseg. 22:26.
3. Gaan daar in die einde van dae 'n groot herlewing of 'n groot geestelike verval wees? Verwys Hand. 2:17 tot 21 (Joël 2:28 tot 32) na getalle of na “omvang en intensiteit”? Wat van 2 Thess. 2:3?

Gen. 22:2 – Abraham se groot toets

Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys.

Abraham se eerste toets van vertrouwe in YHVVH was *lech lecha* soos in Parashah 3 bespreek is, naamlik om uit Ur van die Chaldeërs te trek na die land wat YHVVH hom sal wys. Teen die einde van Abraham se lewe het hy egter die grootste toets van sy geloof geslaag toe hy bereid was om volgens YHVVH se opdrag sy seun van die belofte, Isak, te gaan offer op die berg Moria.

Abraham het nie beswaar gemaak teen YHVH se opdrag nie, maar hy het die môre vroeg na Moria vertrek om YHVH se opdrag uit te voer (Gen. 22:3). Hoe kan 'n liefdevolle vader bereid wees om sy seun te offer? Die skrywer van die brief aan die Hebreërs gee vir ons die antwoord:

Deur vertrouwe het Avraham, toe hy getoets is, Yitz'gak geoffer en sy enigste seun op die altaar gelê; hom wat hy as die belofte ontvang het, aan wie gesê is: "In Yitz'gak sal jou nageslag genoem word." Hy het vrede gemaak in homself dat dit in God se hand is om uit die dood uit op te wek, waaruit hy hom ook, om 'n vergelyking te maak, terug ontvang het (Heb. 11:17 tot 19 – PWL Vertaling).

Eerstens het Abraham soveel vertrouwe in YHVH gehad dat hy sonder enige huiwering gehoorsaam was. Abraham het onvoorwaardelik geglo dat YHVH nie sal of kan lieg nie (Heb. 6:13 tot 18). Hy was seker van dit wat hy gehoop het en oortuig gewees van dit wat hy nie gesien het nie (Heb. 11:1). Daarom het Abraham geglo dat YHVH Sy belofte gestand sal doen, al moet Hy Isak uit die dood uit opwek. Abraham het ook geweet dat sonder geloof (vertrouwe) is dit onmoontlik om YHVH te behaag (Heb. 11:6).

Tweedens was Abraham se geloof toekomsgerig. Hy het 'n verwagting gehad dat sy nageslag 'n permanente woonplek sal hê waar YHVH aanbid en gedien kan word. Abraham het 'n hemelse verwagting gehad (Heb. 11:10).

Opsommend die volgende:

Abraham's life was a life a faith, and the life of faith is a life of testing. At every juncture we are tested. Passing each test requires stubborn optimism, resolute confidence in God and steadfast obedience. Life's problems are opportunities to prove our faith and to improve our faithfulness. We fail life's tests when we give in to despair, lose confidence in God or turn away from obedience. Every difficulty and trial is a test of faith. Will we assess the problem through the eyes of faith or not? Will we respond in faith or faithlessness? (Vayera, FFOZ, 2011).

Die kern van geloof (vertrouwe): Vertrou in YHVH se genade vir die verlede, in Sy liefde vir die huidige en in Sy voorsiening vir die toekoms.

Bepeins of Bespreek

1. Abraham en Isak is 'n heenwysing na YHVH en Sy geliefde Seun Yeshua. Dit is 'n heenwysing na die belofte van die Messias wat geoffer sou word as versoening met YHVH vir elkeen wat Torah-ongehoorsaam lewe (sondig) en daarom die dood verdien.
2. Kort na Abraham se aankoms in die Beloofde Land volgens YHVH se belofte (Gen.12:1 , 5 en 6) was daar 'n hongersnood en moes Abraham na Egipte trek. Het Abraham nie rede gehad om moedeloos te word en te twyfel aan YHVH se beloftes nie? Hoe het Abraham dit reg gekry om sy vertrouwe in YHVH se Woord te behou? Is die antwoord nie te vinde in die feit dat ons nie 'n tydbeperking op YHVH se beloftes kan plaas nie?
3. Abraham is ons voorbeeld van geloof wat werk, naamlik geloof wat met die werke van geloof gepaardgaan. Bepeins of bespreek Jak. 2:20 tot 24 in die lig van Rom. 3:28

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

2 Kon. 4:1 tot 37 – Die olie van die weduwe en onwankelbare geloof!

Hierdie Haftorah gedeelte word saam met Parashah *Vayera* ge lees weens die soortgelyke hoedanighede van ons vader Abraham en die profeet Elisa. Die uitstaande hoedanigheid van beide was hulle gehoorsaamheid aan Torah (YHVH se onderrig en instruksies), hulle geloof (vertrouwe) in

YHVH en hul bereidwilligheid om hul medemens te dien. Verder is beide die Parashah en die Haftorah die geskiedenis van die bonatuurlike geboorte van 'n seun en van hulle doodservaring. In beide hierdie Skriflesings leer ons van vertrou (geloof) in die wonderwerkende krag van YHVH.

2 Kon. 4:1 tot 7 – Die olie van die weduwee

Volgens Torah is die betaling van skuld deur arbeid van die skuldenaar aanvaarbaar (Ex. 21:1 en 2; Lev. 25:39 tot 41; Deut. 15:1 tot 11). Omrede kinders as die 'eiendom' van hulle ouers gereken was, kon die kinders 'verkoop' of opge-eis word om sodoende die skuld van hulle ouers te delg. Hierdie gebruik is egter dikwels misbruik soos blyk uit Neh. 5:5 en 8, asook Amos 2:6 en Amos 8:6.

Volgens oorlewering verwys die *die vrou uit die vroue van die profete-seuns* (2 Kon. 4:1) na die weduwee van die profeet Obadja wat 'n 100 profete van YHVH weggesteek en versorg het toe Esebel die profete van YHVH uitgeroei het (1 Kon. 18:1 tot 16). Haar skuld was skynbaar te wyte aan Obadja wat alles wat hy gehad het spandeer het om die lewe van die 100 profete te red.

Ongeag of hierdie feitlik korrek is of nie, weet ons dat 'n skuld nie die wil van Vader-God is nie, want skuld maak van elkeen 'n slaaf. Jy is 'n slaaf van die een aan wie jy skuld.

Die ryke heers oor die armes, en hy wat leen, is 'n slaaf van die man wat uitleen (Spr. 22:7).

Torah vereis dat alle skuld betaal moet word!

Die mens se grootste skuld is die van sonde, en die wet (Torah) is die skuldeiser. Die wet bepaal dat die loon van die sondaar (die oortreder van Torah) die dood is (Rom. 6:23). As oortreder van die wet kla die wet die mens aan, vind hom skuldig en vonnis hom. Die wet vereis dat die skuld betaal moet word.

In die opsig het die wet (Torah) 'n vloek geword – 'n skuld waaronder elkeen gebukkend gaan en wat nie ooit self vereffen sal kan word nie. Die enigste wyse om vry te kom van hierdie sondeskuld is dat iemand namens die skuldenaar die skuld moet vereffen.

Daarom het Yeshua gekom om elkeen se sondeskuld te betaal. Dit is die skuldbrief wat aan die folterpaal vasgenaai was (Kol. 2:16), en nie die wet (Torah) as sulks nie!! Daarom is elkeen wat vertrou (geloof) het in die genade voorsiening van YHVH deur Yeshua Messias, vrygespreek van die skuld van sonde. Vertrou in die versoeningswerk van Yeshua is die waarborg tot 'n lewe as vrygespreekte (regverdige) onder die wet – die skuldeiser is bevredig, want die skuld is betaal!

As beskuldigde onder die wet lewe die mens volgens die vlees, maar as vrygespreekte leef die mens deur die Gees. Daarom skryf Paulus:

Daarom is daar geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie, want die wet van die Gees van lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood, want omdat die wet swak was, deur die sieklikeid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel sodat die opregtheid en onpartydigheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1 tot 4 – PWL Vertaling.

Die gelowige in Yeshua is nie meer 'n slaaf van die wet van sonde en dood nie, maar 'n verbondskneg van YHVH Yeshua wat deur die wet van die Gees van lewe, naamlik die olie van die Afgesonderde Gees, 'n vreugde in Torah-gehoorsaamheid vind, asook die krag om volgens YHVH se onderrig en instruksies te lewe ontvang het.

Elisa het op 'n bonatuurlike wyse die skuld van die weduwee verander in 'n lewe van oorvloed. Daarom is Elisa 'n sinnebeeld van Yeshua wat ook op 'n bonatuurlike wyse die sondeskuld van die mens weggeneem het en dit verander het in 'n lewe van oorvloed. Yeshua het gesê dat Hy gekom het

om die sondaar se skuld las weg te neem sodat die wat glo 'n lewe in oorvloed deelagtig kan wees (Joh.10:10).

Bepeins of Bespreek

1. Die verhaal van Elisa, die weduwee en haar skuldeiser kan ook in verband gebring word met die lering van Yeshua aangaande vergifnis soos opgeteken is in Matt. 18:21 tot 35.

1.1. Bepeins / bespreek hierdie gelykenis in die lig van *vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe* (Matt. 6:12).

1.2. Kan Vader-God ons vergewe indien ons nie self bereid is om te vergewe nie? Verwys Matt. 18:32 tot 35. Onthou: Onvergifnis is soos om gif te drink en te hoop dat die een wat jou verontreg het sal sterf.

2. Elisa het die gawe van wonderwerke gehad, maar hierdie gawe was nie vir vertoon nie, maar om behoeftiges mee te dien! Vergelyk dit met die wonderwerke wat Yeshua gedoen het en dit wat vandag in die kerk as die gawe van wonderwerke voorgehou word.

3. Sal iemand weggeraap word wat 'n groot skuld las het? Wat van Rom. 13:8 – wees aan niemand iets verskuldig, behalwe om mekaar lief te hê?

2 Kon. 4:8 tot 37 – Onwankelbare geloof

'n Welgestelde Sunamitiese vrou toon haar gasvryheid teenoor Elisa tot die mate dat sy selfs 'n kamer spesiaal vir hom inrig om te benut wanneer hy verby hulle reis. Uit waardering vir haar gasvryheid, en aangesien sy kinderloos was, profeteer Elisa dat sy oor 'n jaar 'n seun van haar eie sal omhels (2 Kon. 4:16).

Soos in die geval van Abraham en Sarah was beide die Sunamitiese vrou en haar man verby die ouderdom van kinders verwek en geboorte gee. Die woorde van Elisa het egter waar geword en die vrou het presies 'n jaar later 'n seun in haar arms omhels. Die kind is egter skielik op 'n jong ouderdom oorlede (2 Kon. 4:19 en 20).

Wat aangrypend is, is die wyse hoe die vrou hierdie hartseer en traumatiese situasie hanteer het. In 2 Kon. 4:21 lees ons:

En sy het opgeklim en hom op die bed van die man van God neergelê en agter hom toegesluit en uitgegaan.

Geen melding word gemaak van 'n emosionele uitbarsting nie, maar wel van 'n vrou wat met 'n onwankelbare geloof opgetree het. Sy het haar na Elisa op die berg Karmel gehaas waar sy hom van haar seun se sterwe ingelig het. Sy het na Elisa gegaan met die verwagting van 'n verdere wonderwerk en het nie toegelaat dat die fisiese realm haar vertrou in die wonderwerkende krag van YHVH neutraliseer nie. Haar onwankelbare vertrou was dat aangesien YHVH, ten spyte van Sy eie natuurwette, vir haar op 'n bonatuurlike wyse 'n kind gegee het, sal Hy ook haar kind uit die dood opwek.

Hierdie verhaal van die Sunamitiese vrou is 'n les in vertrou (geloof) in die wonderwerkende krag van YHVH

Die geloof dan is 'n vaste vertrou op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. Heb. 11:1.

Vertroue is dus die oortuiging aangaande daardie dinge wat 'n versekerde verwagting is en asof daardie dinge reeds 'n realiteit is, want dit is 'n openbaring van dit wat ons nog nie met ons sintuie waarneem nie. Dit is die getuienis van die mense van ouds wat YHWH met liefde en in gehoorsaamheid gedien het (Heb. 11:2)

Ons leer ook dat die Sunamitiese vrou aanvanklik nie na Elisa gegaan het met die behoefte dat die profeet vir haar moet bid dat YHWH vir haar 'n kind moet gee nie. Nee, haar prioriteit was om welwillendheid aan die profeet van God te bewys. Sy was bereid om te dien en het nie verwag om gedien te word nie! Haar eie behoeftes en begeertes was nie haar prioriteit nie!

Bepeins of Bespreek

1. Is die Koninkryksbeginsel om YHWH se wonderwerkende krag in ons lewens te ervaar nie gesetel in ons bereidwilligheid om eerstens te dien en nie om gedien te word nie? Is dit nie 'n geval van wanneer ons bereid is om te dien dat Vader-God ook soos Elisa sal kom en vir ons vra: *Wat kan Ek vir jou doen?*

Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg. Heb. 13:2

2. Die seun van die Sunamitiese vrou is 'n sinnebeeld van Yeshua wat aan die folterpaal gesterf en wat uit die dood opgestaan het. Dit is ook 'n sinnebeeld van ons wat geestelik dood was en opgewek is tot 'n lewe in Yeshua van Torah-gehoorsaamheid.
3. Ons moet ook soos die Sunamitiese vrou wees wat met 'n verwagting na Vader-God gaan om ons kinders uit hulle geestelike dood op te wek.
4. Vertroue (geloof) vereis aksie (handeling). Die Sunamitiese vrou het met vertroue opgetree!!

Niks wat geskep is, is onsigbaar in Sy Teenwoordigheid nie, maar alles is kaal en ontbloot in die oë van Hom aan Wie ons verantwoording doen, want daar is daarom vir ons 'n Groot nie-Levietiese Hoofpriester wat opgegaan het na die hemel: Yeshua, Die Gesalfde Een, die Seun van God; laat ons vashou aan Sy belydenis, want ons het nie 'n hoofpriester, wat nie in staat is om te vereenselwig met ons swakhede nie, maar Een wat in alle opsigte getoets is net soos ons, maar sonder dat Hy sonde het. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van Sy onverdiende guns gaan sodat ons liefdevolle omgee kan ontvang en ons sal onverdiende guns vind om ons te help in 'n tyd van lyding. Hebr. 4:13 tot 16 – PWL Vertaling

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHWH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat shalom.

Johan

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.